

Niemand weet steeds hoeveel skole Lesufi werklik gebou het nie

2018-11-18

Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir onderwys, het Donderdag tydens 'n media-konferensie gesê sy departement het 54 nuwe skole gebou sedert die begin van sy ampstermyn in 2014. In Augustus het hy egter vir ouers by Sutherland High School gesê sy departement het die afgelope vier jaar 47 nuwe skole gebou. In Januarie het 'n departementele woordvoerder gesê 42 skole is sedert 2014 gebou. Dit beteken Lesufi moes sedert Januarie 12 nuwe skole oopmaak het, waarvan sewe skole die afgelope twee maande moes oopmaak het vir Lesufi se syfers om akkuraat te wees.

“Die SOS twyfel sterk dat Lesufi meer as een skool 'n maand kon oopmaak. Dit boonop sonder die gewone media teenwoordigheid wat gewoonlik hiermee gepaardgaan,” sê Melanie Buys, onderwysspesialis verbonde aan die Skoleondersteuningsentrum (SOS).

Lesufi het homself boonop Donderdag weerspreek toe hy sê sy departement het verlede jaar elke maand 'n nuwe skool oopmaak. 'n Paar minute later het hy gesê ses nuwe skole het verlede jaar oopgemaak. Volgens die departement se eie jaarverslag het hulle in die 2017/18-boekjaar vyf nuwe skole gebou. “Vir 'n LUR wat weet wanneer 'n leerling raas kry oor haar haarstyl en hoeveel koekies 'n kleuterskool tydens partytjies uitdeel, is hy verbasend onakkuraat oor syfers wat betrekking het op die grootste probleem in die provinsie,” sê Buys.

Die SOS het Vrydag weereens gevra dat die departement amptelik bevestig hoeveel en waar nuwe skole sedert 2014 gebou is. Steve Mabona, departementele woordvoerder, kon tydens telefoniese navraag nie sê presies wat die getal is nie. Die departement ignoreer reeds sedert Januarie versoeke van die SOS om 'n lys name van nuwe skole te verskaf. Die SOS kon net 23 skole opspoor wat sedert 2014 oopgemaak het. Een van hierdie 23 skole is Olievenhoutbosch Primary wat in onbruik staan en erg gevandaliseer is.

“Die gebrek aan nuwe skole is die grootste rede waarom Gauteng jaarliks sukkel om leerlinge te plaas. Nou word gepoog om Afrikaanse skole te dwing om Engelse leerlinge in te neem, terwyl hierdie skole reeds nie plek vir 'n muis het nie,” sê Buys. Lesufi het Donderdag erken hy het reeds verskeie Afrikaanse skole genader om volgende jaar Engelse leerders te aanvaar.

“Afrikaanse skole moet staan op hul regte. Die hof se uitspraak in Hoërskool Overvaal se guns vroeër vanjaar, dien as bevestiging dat Afrikaanse skole nie gedwing kan word om Engelse leerlinge in te neem nie.” Sy beveel aan dat skole wat deur die departement gedruk word om meer kinders te plaas of hul taalbeleid te wysig, daarop aandrang dat die versoek skriftelik aan die skool uiteengesit word voordat dit enigsins deur die beheerliggaam oorweeg word. “Dit staan 'n beheerliggaam vry om die versoek, na oorweging, van die hand te wys indien hulle nie die leerders kan akkommodeer nie.”



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion



- Skole wat onbillike druk ervaar vanaf die departement om Engelse leerlinge in te neem, kan die SOS kontak by elaine@skole.co.za Die SOS, in samewerking met hul vennote, sal hierdie skole ondersteun en help met regsaksie indien nodig.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

